**DIE GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG**



# Die Basuin

**10 FEBRUARIE 2019**

**Predikant: Ds. S.P. Venter**

**Pastorie: 015 296 1840**

**Sel: 082 809 0222**

**Epos: sarel.pventer@gmail.com**

***Tema 2019 - VOLUIT VIR GOD***

**OGGENDEREDIENS** **Ds. Sarel Venter**

**Skriflesing** Jer. 29: 1 - 14

**Tema** Voluit onthou en bou

Psalm107: 1, 10
Psalm 145: 1, 3
Psalm 146: 1, 4
Psalm 119: 19, 33
Psalm 61: 2, 4
Psalm 107: 17, 18

EREDIENSTE VANDAG:
Oggend: 09H00
Aand : 18H00

Vandag 160 jaar gelede het die GKSA tot stand gekom. 'n Wonderlike voorreg om steeds die Woord te mag ontvang in ons land. Die Here roep ons op om ag te gee op Sy Woord. Hy hou die toekoms. Deur die mond van Jeremia hoor ons: Onthou en bou. Onthou waarvandaan jy kom en waarnatoe jy bou. Lewe daarom voluit in jou omstandighede. Bly bid vir mekaar, sodat ons lig en sout kan wees. Bid vir almal sodat ons die Evangelie kan bly verkondig.

**AANDEREDIENS** **Teologiese Student JC Potgieter**

**Skriflesing** Eksodus 12:12-13, 26-30;
Johannes 3:16; 10:11-18

**Tema** Jesus Christus is die goeie herder wat vir sy skape gesterf het. Hulle luister na sy stem.



Psalm 103: 1,5
Psalm 12: 2,3,6
SB 5-3: 1,2,4,5

Waarom het Jesus Christus aan die kruis gesterf?

Dit is ’n basiese vraag en alle Christene sal saamstem met die woorde van Paulus in 1 Timoteus 1:15: Christus Jesus het in die wêreld gekom om sondaars te verlos. Presies hoe Jesus Christus se kruisdood die verlossing van sondaars bewerkstellig het word wel verskillend verstaan. Volgens die Arminiane het Jesus Christus se dood dit moontlik gemaak vir alle sondaars om verlos te word, maar dit word net van toepassing op sondaars wanneer hulle self kies om in Christus te glo. Alhoewel die Bybel dit duidelik maak dat Jesus Christus se kruisdood genoegsaam was om vir die sondes van alle mense te kan betaal, word ons ook geleer dat hy slegs vir sy skape gesterf het. Die sondaars wat Jesus Christus met sy dood verlos het, is diegene wat aan hom behoort en wat hy self uitgekies het om in hom te glo. Jesus Christus is nie ’n halwe verlosser wat net die verlossing van sondaars moontlik gemaak het nie, hy het gekom om sondaars volledig te verlos.

# DATUMS OM TE ONTHOU

| | | | |
|---|---|---|---|
| **10 Februarie** | **Kollektes** | **Tydens erediens:** | Diakonale sorg |
| | | **By deure:** | Dankbaarheidsfonds. |
| **11 Februarie** | **18:00** | Evangelisasiekommissievergadering. | |
| **12 Februarie** | **18:00** | Sustersbestuurvergadering. | |
| **13 Februarie** | **10:00** | Senior Lidmate | |

## KATKISASIE

Daar is katkisasie direk na die erediens. Al die jongmense moet asseblief in die konsistorie bymekaar kom vir die opening. Ons tyd is baie beperk, so ons vra dat julle asseblief vinnig sal maak sodat ons kan begin met die lesse.



## KONSISTORIEDIENSBEURT 10 FEB 2019

**Diensbeurt:** Wyk B3 **Katkisasie:** Graad 4

**Ouderling:** Hendrik vd Walt **Diaken:** Comin vd Walt

## OOG VIR MEKAAR

- Ons bid vir At Cronje en sy gesin. Sy seun is steeds in die Intensiewe Sorgeenheid na 'n nieroperasie.
- Ons bid vir Lida Borman wat nog wag om behandeling te ontvang.
- Ons bid saam met Hennie Oelofse wat chemo ontvang.
- Hester vd Merwe het die afgelope Vrydag 'n dringende rugoperasie in Pta ondergaan. Ons bede is dat sy verligting van die pyn en ongemak sal kry.
- Ons dink aan ons ouer lidmate wat die afgelope tyd gesondheidsprobleme ondervind het. Mag die Here se genade elke dag oorvloedig wees.
- Ds Sarel vra groepleiers vir die Koningskinderskamp ASSEBLIEF.

## ALGEMEEN

⇒ Gewillige groepleiers vir die Koningskinderskamp is nog steeds Welkom .

## DOPPERDOORFEES

Dopperdoorfees Dv. 2 Maart 2019. Ons nooi almal uit. Dit gaan 'n lekker interkerklike saam kuier wees. Ons begin die dag vanaf 9H00 die oggend. Die potjiekos mense kan dan begin regmaak en saam kuier. Die vasvrae sal 10H00 gebeur.

Die potjiekos gaan nie meer 'n kompetisie wees nie maar net een groot saam kuier. Ons soek soveel as moontlik mense om die dag saam ons te kom kuier. Die Wafelhuis sal ook weer daar wees vir 'n koffie en iets lekkers.

## OUERS MET KINDERS BYBELSTUDIEGROEP

Ouers met kinders is welkom om saam met ons een keer 'n maand op 'n Sondag te kom kuier en bybelstudie te hou. Ons begin Sondag 17 Feb. met ons eerste byeenkoms. Skryf  julle naam op die Kennisgewingbord. Ons sal die Bybelstudiemateriaal vir julle e-pos en 'n WhatsApp groep begin om verdere reëlings daarop te tref. Kontak vir Betsie (084 209 4220) of Marlene (083 648 5397) vir meer inligting.

## TEESKINKBEURTE

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **10 Februarie** | Rianca Korff | P3 | **17 Februarie** | Salomie Smit | B4 |
| | Joanita Kuilder | B1 | | Chrisna Stander | B3 |
| | Elna Pienaar | P3 | | Lilian Ferns | A3 |
| | Jessie Rosser | B2 | | Megan Vd Merwe | B4 |
| | Riana Olivier | B1 | | Marina Vd Walt | B1 |



**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**

## DOPPERDIENS

Ons wil graag 'n blaadjie in die gemeente beskikbaar stel vir dienste wat ons lidmate in die gemeente kan lewer. Enige lidmaat wat enige diens verrig is welkom om in die Dopperdiens te adverteer. Daar is geen kostes aan verbonde nie. Stuur dit na: admin@gereformeerd.co.za in besigheids kaartjie grootte. Ons sal die blaadjie saamstel en in die gemeente beskikbaar stel as vinnige naslaan van dienste/besighede

## SILWERDOPPERS

Almal 60 jaar en ouer word hartlik uitgenooi na ons byeenkoms op 13 Feb by die kerk om 10H00. Ons gaan braai. Gee asb jou naam op by Cassie Carstens as jy dit saam ons wil kom geniet. Laat weet asb voor of op Maandag 11 Feb teen 17H00.

## GESKIEDENIS VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE.[5]

Vandag [10 Februarie 1859] honderd en sestig jaar gelede is die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika onder die seringboom in Rustenburg deur Ds. Dirk Postma gestig. Sowat 300 lidmate sluit aan by die kerk. Ds. Postma lees uit Jesaja 62 en Psalm 119 vs 17 word gesing. Ds. Postma noem die stigtingsdag "Die dag van klein dinge"

Hoe geseënd is die Gereformeerde Kerke nie na 160 jaar nie. Vandag bestaan daar meer as 300 gemeentes en is daar bykans 250 predikante in die bediening. Die Here het inderdaad die klein begin van ons kerke laat groei tot ‘n kerk waar duisend lidmate hulle godsdiens beoefen.

Kort na die stigting van die Gereformeerde Kerk is daar spoedig begin met die beplanning vir opleiding van predikante en onderwysers omdat Christelike onderwys ‘n prioriteit vir die kerk was.

In 1869 word daar begin met die opleiding van die eerste predikante en onderwysers by die Teologiese Skool in Burgersdorp. Die Teologiese Skool verskuif in 1905 na die Engelse/Anglo-Boereoorlog na Potchefstroom waar ons predikante vandag nog hulle Teologiese opleiding ontvang. Uit die Potchefstoomse Teologiese Skool begin die Letterkundedepartement in 1919 sy eie opleiding en kom die “Potchefstoom Universiteitskollege voor Christelike Hooger Onderwijs” [PU vir CHO] tot stand. ‘n Universiteit waar baie Gereformeerde lidmate sedert die stigting hulle studies voltooi het.

Kom ons loof en dank die Here in hierdie oggend in ons gedagtes vir Sy genade en liefde dat Hy ons kerke vir 160 jaar in Sy hand gehou en bewaar het.

**Loof die Here omdat Hy goed is en goed is sonder end.......................**

# BYBELSTUDIE

Die lys van Bybelstudiegroepe wat elke week vergader is soos volg:

| Groepleier | Tyd | Plek |
|---|---|---|
| Gideon de Klerk (082 805 8947) | Sondag, 10:30 | Van huis tot huis |
| ds. Sarel Venter (082 809 0222) | Dinsdag, 09:30 | Kerkgebou |
| Johan van Biljon (082 388 2117) | Woensdag, 18:00 | Van huis tot huis |
| Annemarie Bakker (082 484 6267) of André Bakker (083 457 1711) | Woensdag, 19:00 | Herculesstraat no.6 |
| Alta Theron (015 – 296 2168) | Donderdag, 09:30 | Wesselstraat no.148 |
| ds. Sarel Venter (082 809 0222) | Woensdag, 18:30 | Bendor Pastorie |
| Betsie de Witt (084 209 4220) Marlene Hoogendyk (083 648 5397) | Sommige Sondae na katkisasie | Kerkgebou |

**Elke lidmaat in die gemeente word uitgenooi om in te skakel by een van die Bybelstudiegroepe. Dit is waar ons mekaar regtig leer ken, vriende word en mekaar ondersteun, waar die Christelike liefde spesiaal ondervind word**

Kontak Alta indien daar lidmate is wat in gesinsverband of tuisbybelstudie wil doen, altatheron@vodamail.co.za

Gebed
Daniël
Joël
Maleagi
Miga
Nahum
Groei in die Gees

Openbaring
Dood en hiernamaals
Jakobus
Die duiwel maak sin
Hebreërs
Die lewende kategismus
Beproewing




**Bybelstudies ook beskikbaar op die webblad www.gereformeerd.co.za**

# PLASINGS IN DIE BASUIN

Indien u enige inligting in die Basuin wil plaas kan u met sr. Elzánne Botha kontak maak by die kerkkantoor of die inligting per epos na die kerk se e-posadres stuur.
**Maak asseblief seker dat u enige inligting nie later as Donderdag 19:00 deurstuur nie.**

# KALENDER

## *Verjaarsdae*

| Datum | Naam | Belydend/Doop | Sel/Tel no. |
|---|---|---|---|
| Ma.– 11 Feb. | Nadia Kotze<br>Daniël Snyman | B<br>D | 0823980114<br>079 500 3458 |
| Di. - 12 Feb. | Juné Carstens<br>Salomie Smit | D<br>B | 072 537 4154<br>079 880 5348 |
| Wo. - 13 Feb. | Lize Jacobs<br>Gerhard Maritz * | D<br>B | 084 909 7777<br>083 461 6974 |
| Do. - 14 Feb. | Jan Albertyn | B | 082 895 9150 |
| Vr. - 15 Feb. | Martin Ras<br>JJ Ras | D<br>D | 082 904 6601<br>082 904 6601 |
| Sa. - 09 Feb. | Dewald Hattingh | B | 082 460 3237 |

## Huweliksherdenkings

| Huweliksdatum | Lidmate | Jare Getroud | Sel/Tel no. |
|---|---|---|---|
| 13 Feb. 2016 | Reinhardt & Melanie Weideman | 3 | 082 610 0623<br>083 419 2911 |

# BEROEPENUUS

- **BEROEPE ONTVANG**
  Proponent HM Stavast (Herman) na Piet Retief
- **BEROEPE AANVAAR**
  Proponent HM Stavast (Herman) na Piet Retief

**Preke**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Elzánne Botha
015 296 0054

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581
Marisa Linde
083 408 2100
Renchia Grobbelaar
072 634 3442

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** | Elzánne Botha |
| Faksnommer | (015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks) |
| Epos | admin@gereformeerd.co.za |
| Webwerf | www.gereformeerd.co.za |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede**<br>**Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg-Suid** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*"Ek is die goeie herder. Ek ken my skape, en my skape ken My, net soos die Vader My ken en Ek die Vader ken; en Ek lê my lewe af vir die skape."*

*Johannes 10:14-15*

***Almal is hartlik welkom vir 'n koppie tee of lekker boeretroos na afloop van die erediens***



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS